



Gereformeerde Kerk Randburg

Aanlyn Inligtingsprivaatheidsbeleid

Effektiewe datum: Julie 2021

1. Inleiding

- 1.1 Die Dagbestuursdiensgroep (DB) van die **Gereformeerde Kerk Randburg** (GKR) is verantwoordelik vir die administratiewe funksie van die GKR.
- 1.2 Hierdie beleid stel ons lidmate en buite-persone in kennis van ons beleid rakende die versameling, gebruik en openbaarmaking van persoonlike inligting wanneer hulle met die GKR skakel en in korrespondensie tree en die besluite wat hulle met daardie inligting mag doen.
- 1.3 Ons gebruik lidmate en buite-persone se inligting om die werksaamhede van GKR te bevorder as 'n gereformeerde kerk, in diens van God-Drie-Enig.
- 1.4 Deur die GKR se webblad te gebruik, stem jy in tot die versameling en gebruik van inligting in ooreenstemming met hierdie beleid. Tensy anders bepaal in hierdie Privaatheidsbeleid, het bepalings wat in hierdie Privaatheidsbeleid gebruik word, dieselfde betekenis as in ons ander beleidsdokumente.

2. Inligtingversameling en -gebruik

- 2.1 Ons versamel verskillende soorte inligting vir verskeie doeleindes om ons roeping as kerk uit te voer. Die soorte data wat versamel word sluit in:
 - **Persoonlike identifikasie-inligting:** Ons kan persoonlike identifikasie-inligting van lidmate en ander op 'n verskeidenheid wyses versamel, insluitend, maar nie beperk tot, wanneer gebruikers ons webwerf besoek, registreer op die webwerf, 'n vorm invul, en in verband met ander kerkverwante aktiwiteite, dienste, funksies of hulpbronne van ons webwerf gebruik maak. Gebruikers kan gevra word, soos dit toepaslik is, om naam, e-posadres, posadres te verskaf. Gebruikers kan egter ons webwerf anoniem besoek. Ons sal slegs persoonlike identifikasie-inligting van gebruikers insamel indien hulle sodanige inligting vrywillig aan ons voorlê. Gebruikers kan altyd weier om persoonlike identifikasie-inligting te verskaf, behalwe indien dit hulle kan verhoed om van sekere webwerfverwante dienste of aktiwiteite gebruik te maak.
 - **Nie-persoonlike identifikasie-inligting:** Ons kan nie-persoonlike identifikasie-inligting oor gebruikers insamel as hulle ons webwerf besoek. Nie-persoonlike identifikasie-inligting kan die naam van die webblaaier wat die gebruiker gebruik, die tipe rekenaar en tegniese inligting oor gebruikers se toegang tot ons webwerf, soos die bedryfstelsel en die gebruik van internetdiensverskaffers en ander soortgelyke inligting, insluit.
 - **Gebruiksdata:** Ons kan ook inligting insamel oor hoe toegang tot die diens verkry word en hoe dit gebruik word ("gebruiksdata"). Hierdie gebruiksdata kan inligting insluit soos die internetprotokoladres van lidmate en ander se rekenaar (bv. IP-adres), blaaier tipe, blaaier weergawe, die bladsye van ons diens wat besoek word, die tyd en datum van besoeke, die tyd wat spandeer word op die bladsye, unieke toestelidentifikators en ander diagnostiese data.
 - **Dophou en koekies-data:** Ons gebruik koekies en soortgelyke dophou tegnologie om die aktiwiteit op ons diens te meet en sekere inligting te hou. Koekies is lêers met 'n klein hoeveelheid data wat 'n anonieme unieke identifiseerder kan insluit. Koekies word vanaf die webwerf na lidmate en ander se blaaier gestuur en op die toestelle gestoor. Dophou tegnieke wat ook gebruik word, is bakens,

etikette en skripte om inligting te versamel en op te spoor en ons diens te verbeter en te analiseer. Lidmate en ander kan hul blaaier opdrag gee om alle koekies te weier of om aan te dui wanneer 'n koekie gestuur word. As lidmate en ander egter nie koekies aanvaar nie, kan hulle sommige gedeeltes van ons diens nie gebruik nie.

- Voorbeelde van koekies wat ons gebruik:
 - Ons gebruik sessiekoekies om ons diens te bedryf.
 - Voorkeurkoekies: Ons gebruik voorkeurkoekies om u voorkeure en verskillende instellings te onthou.
 - Sekuriteitskoekies: Ons gebruik sekuriteitskoekies vir sekuriteitsdoeleindes.

2.2 Gebruik van persoonlike inligting en data. Die GKR gebruik die versamelde data vir verskeie doeleindes:

- Om die roeping en diens van ons kerk te ondersteun en in stand te hou;
- Om lidmate en ander in kennis te stel van veranderinge aan ons gemeenteaktiwiteite;
- Om lidmate en ander in staat te stel om deel te neem aan kerklike aktiwiteite en interaktiewe dele van ons diens wanneer hulle kies om dit te doen;
- Om ontleding te doen van die inligting wat verskaf is sodat ons die uitleef van ons roeping kan verbeter;
- Om die gebruik van ons kerklike aktiwiteite en dienste te monitor en te verbeter;
- Om tegniese probleme op te spoor, soos dit mag voorkom, om op ons webblad of ander ondersteuningstelsels wat ons het, te voorkom en aan te spreek.

2.3 Oordrag van data:

- Lidmate en ander se inligting, insluitende persoonlike data, kan oorgedra word aan – en gehandhaaf word op – rekenaars wat buite lidmate en ander se staat, provinsie, land of ander regerings jurisdiksie geleë is, waar die wetgewing oor databeskerming mag verskil as dié van lede en ander, se jurisdiksie. As lidmate en ander buite Suid-Afrika geleë is en kies om inligting aan ons te verskaf, moet hulle daarop let dat ons die data, insluitend persoonlike data, na Suid-Afrika oordra en verwerk.
- Lidmate en ander se toestemming tot hierdie Privaatheidsbeleid, gevolg deur hul indiening van sodanige inligting, verteenwoordig 'n ooreenkoms met die bogemelde oordrag.
- Die Dagbestuur van GKR sal alle stappe wat redelikerwys nodig is neem om te verseker dat lidmate en ander se data veilig en in ooreenstemming met hierdie Privaatheidsbeleid behandel word en dat geen oordrag van hul persoonlike data na 'n organisasie of land sal plaasvind tensy daar voldoende kontrole in plek is, insluitende die sekuriteit van hul data en ander persoonlike inligting.

3. Openbaarmaking van data

Regsvereistes. Die DB mag lidmate en ander se persoonlike data in goeie trou bekendmaak indien sodanige stappe nodig is om:

- Om aan 'n regsverpligting te voldoen;
- Om die regte of eiendom van GKR te beskerm en te verdedig;
- Om moontlike oortredings in verband met ons dienste te voorkom of te ondersoek;
- Om die persoonlike veiligheid van gebruikers van ons dienste of die publiek te beskerm; en
- Om ons te beskerm teen regs aanspreeklikheid.

4. Veiligheid van data

4.1 Die veiligheid van lidmate en ander se data is vir ons belangrik, maar alle partye moet kennis neem dat geen metode van data-oordrag oor die internet, of enige databergingsmetode 100% veilig is nie. Terwyl ons poog om kommersieel aanvaarbare middele te gebruik om lidmate en ander se persoonlike data te beskerm, kan ons nie lidmate en ander se absolute sekuriteit waarborg nie.

4.2 Hoe ons lidmate en ander se inligting beskerm:

Ons neem toepaslike en geskikte data-insameling, stoor- en verwerkingspraktyke en sekuriteitsmaatreëls aan om te beskerm teen ongemagtigde toegang, verandering, openbaarmaking of vernietiging van lidmate en ander se persoonlike inligting, gebruikersnaam, wagwoord, transaksie-inligting en data wat op ons webwerf gestoor word.

Ons kan derdeparty-maatskappye en individue in diens neem om ons diens (“Diensverskaffers”) te fasiliteer, om die diens namens ons te lewer, diensverwante dienste te verrig of om ons te help om te ontleed hoe ons diens gebruik word. Hierdie derde partye het slegs toegang tot lidmate en ander se persoonlike data om hierdie take namens ons te verrig en is verplig om dit nie vir enige ander doel bekend te maak of te gebruik nie.

4.3 Ontleding van data:

Ons kan derdeparty-diensverskaffers gebruik om die gebruik van ons diens te monitor en te ontleed.

4.4 Skakels na ander webwerwe:

Lidmate en ander kan advertensies of ander inhoud op ons webwerf vind wat skakel na die webwerwe en dienste van kerke in ons kerkverband, verskaffers, adverteerders, borge, lisensiehouers en ander derde partye. Ons beheer nie die inhoud of skakels wat op hierdie webwerwe voorkom nie en is nie verantwoordelik vir die praktyke wat gebruik word deur webwerwe wat aan of op ons webwerf gekoppel is nie. Daarbenewens kan hierdie webwerwe of dienste, insluitend hul inhoud en skakels, voortdurend verander. Hierdie webwerwe en dienste kan hul eie Privaatheidsbeleid en kliëntediens beleid hê. Besoek en interaksie op enige ander webwerf, insluitend webwerwe wat ‘n skakel na ons webwerf het, is onderhewig aan die webwerf se eie bepalings en beleid.

5. Nuusbriewe, poslyste

As lidmate en ander besluit om in te teken op ons nuusbriewe en/of poslyste, sal hulle per e-pos, sms, WhatsApp (en ander soortgelyke platforms), boodskappe ontvang wat nuus, opdaterings, verwante produk- of diensinligting insluit. Ons kan derdeparty diensverskaffers gebruik om ons te help om ons kerklike aktiwiteite en die webwerf te bestuur of te administreer namens ons, soos die stuur van nuusbriewe of opnames. Ons mag lidmate en ander se inligting met hierdie derdepartye deel vir die beperkte doeleindes, mits lidmate en ander ons toestemming daartoe gegee het.

6. Minderjariges se privaatheid

Ons diens is nie van toepassing op iemand onder die ouderdom van 18 jaar (“kinders”) nie. Ons versamel nie persoonlik identifiseerbare inligting van iemand onder die ouderdom van 18 jaar nie. As ‘n lidmaat of ander, ‘n ouer of voog is en bewus is daarvan dat hul kind/kinders aan ons persoonlike data verskaf het, kontak ons asseblief. As ons bewus word dat ons persoonlike data van kinders versamel het sonder verifikasie van ouerlike toestemming, doen ons stappe om die inligting van ons bedieners te verwyder.

7. Aanvaarding van hierdie bepalings

Deur van GKR se dienste, insluitend besoek aan die GKR se webblad gebruik te maak, bevestig lidmate en ander, dat jy hierdie beleid aanvaar. As jy nie tot hierdie beleid instem nie, moet asseblief nie ons webwerf of ander dienste gebruik nie. Lidmate en ander se voortgesette gebruik van ons diens na enige wysiging of verandering van hierdie beleid, sal beskou word as jou aanvaarding van die veranderinge.

8. Veranderings aan hierdie Privaatheidsbeleid

8.1 Ons kan ons Privaatheidsbeleid van tyd tot tyd updateer en/of wysig. Ons sal lidmate en ander in kennis stel van enige veranderinge deur die nuwe Privaatheidsbeleid op hierdie bladsy te plaas.

- 8.2 Ons sal lidmate per e-pos en/of 'n prominente kennisgewing op ons diens laat weet voordat die verandering effektief is en die "effektiewe datum" bo-aan hierdie Privaatheidsbeleid bywerk.
- 8.3 Lidmate en ander word aangeraai om hierdie Privaatheidsbeleid gereeld te besoek vir enige veranderinge. Wysigings aan hierdie Privaatheidsbeleid is effektief wanneer dit op hierdie bladsy geplaas word.

9. Toegang tot inligting waarom ons beskik

Lidmate en ander het die reg om toegang tot inligting wat ons van hulle as gemeentelid het, te versoek. Ons sal seker maak dat lidmate en ander voorsien word van 'n afskrif van hulle data waarom ons beskik. Om te voldoen aan sodanige versoeke, kan ons lidmate en ander versoek om hul identiteit te verifieer. Ons sal sodanige versoeke nakom deur 'n kopie elektronies te stuur.

10. Inligtingregstellings en -skrappings

As lidmate en ander vermoed dat die inligting wat ons oor hulle het, verkeerd of onvolledig is, word hulle genooi om ons te kontak sodat ons dit kan opdateer en hul data akkuraat kan hou. Enige data wat nie meer benodig word vir bogenoemde doeleindes nie, sal verwyder word. As lidmate of ander op enige tydstip inligting oor hulself wil verwyder, kan hulle ons kontak by die onderstaande kontakbesonderhede (punt 12).

11. Aantekening van beswaar

Lidmate en ander het die reg om beswaar te maak teen die verwerking van persoonlike inligting vir die doeleindes van wetenskaplike/historiese navorsing en statistiek. Hulle mag versoek dat hul persoonlike inligting nie vir bogenoemde doeleindes gebruik word nie. 'n Versoek van hierdie aard kan op die volgende gronde ontken word:

- Daar is aantoonbare en dwingende regmatige gronde vir die verwerking van persoonlike inligting, wat die belange, regte en vryhede van die individu ignoreer; of
- Die verwerking is vir die vestiging, uitoefening of verdediging van regseise.

12. Kontakbesonderhede

Kontak ons asseblief enige tyd vir:

- Toegang tot inligting wat ons oor lidmate en ander het te versoek;
- Inligting wat ons oor lidmate en ander het; of
- Verwydering van enige inligting wat ons oor lidmate en ander het.

Ons kontakbesonderhede is:

- Per e-pos: kantoor@gkrandburg.org.za
- Per telefoon: 082 404 8478